Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

3 November 2019

OGGENDDIENS: Prof. Herrie van Rooy

Psalm 1 is 'n inleiding tot die hele Psalmboek, met 'n basiese boodskap dat dit goed gaan met die gelowiges en sleg met die ongelowiges. Dit is ook 'n boodskap wat ons dikwels in die boek Spreuke hoor. En tog weet ons dat die lewe nie altyd so eenvoudig is nie, dat daar ook slegte dinge met goeie mense gebeur. Psalm 1 bied vir ons 'n sleutel vir die verstaan van die Psalmbundel as geheel, maar dit gee vir ons ook 'n sleutel hoe om na one eie lewe te kyk, in alles wat one beleef.

Psalm 1 is 'n baie bekende Psalm. Ons gaan dit egter hoor in die weergawe van die nuwe 2020-Bybel:

“1 Gelukkig is die mens wat nie die raad van goddeloses volg, nie op die pad van sondaars gaan staan en nie in die byeenkoms van spotters sit nie,

2 maar wat vreugde vind in die wet van die Here en sy wet dag en nag mymerend prewel.

3 So iemand sal wees soos 'n boom geplant langs watervore, wat sy vrugte op sy tyd gee en waarvan die blare nie verdor nie. Alles wat hy aanpak, gedy.

4 So is die goddeloses nie; inteendeel, hulle is soos kaf wat die wind wegwaai

5 Daarom sal goddeloses nie kan opstaan tydens die regspraak,of sondaars in die byeenkoms van regverdiges nie.

6 Ja, die Here dra sorg vir die pad van regverdiges, maar die pad van goddeloses loop dood.”

Lofsang met die oog op die erediens
Lied 281: 1, 2 en 3; Lied 577: 1, 2 en 5

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Ps 5-2: 1, 3 en 5; Votum; Seën; Loflied Ps 33-2: 1 en 7; Geloofsbelydenis; Sing Sb 12-3: 1 en 2

Ons verootmoedig ons voor God
Wet: Eksodus 20; Sing Ps 19-2: 5; Gebed; Sing Lied 277: 1, 4 en 5 (kleuters gaan na hulle bediening)

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: Psalm 1;
Teksverse: Psalm 1:6
Woordverkondiging

Ons antwoord op die Woordbediening
Gebed; Liefdegawe; Gebed; Sing Ps 8-1: 4 en 5; Seën; Amenlied Sb 13-2.

GROEPBEDIENING

Ons Woordbediening vind vanaand in kleingroepe plaas. Daar kom ook ‘n groep om 17:00 by die kerk bymekaar.

Ons bid saam…

Psalm 146:1-2 en 5
"Prys die Here! Ek wil die Here prys. Ek wil die Here prys solank ek lewe, ek wil die die lof van my God besing solank ek daar is.
5 Dit gaan goed met die mens wat sy hulp van die God van Jakob ontvang, die mens wie se hoop gevestig is op die Here, sy God."

Ons is die Here dankbaar vir Sy gemeente, die geestelike leiers, di. Piet, Pieter, prof. Herrie en Hanno wat ons gemeente lei met Woordbediening, onderrig, pastorale versorging, berading en bybelstudies.
Ons loof en prys die Here vir geestelike en materiële versorging!
Ons dank die Here vir die voorreg om te bid en so vesterk te word in ons geloof!
Ons dank die Here vir ons broers en susters in die geloof – help ons om vir mekaar om te gee en te dien met die gawes wat die Here vir elkeen gegee het!
Ons dank die Here vir die katkisasie wat die afgelope jaar gegee is – vir die kategete en kinders se toewyding wat spreek van geloof en liefde vir Jesus Christus.

<u>Ons bid vir:</u>

- Huisgesinne, pa's, ma's en kinders. Vra vir beskerming vir alle huisgesinne.
- Ons bejaardes wat al oud en swak is – bid dat hul nie eensaam en allen mag wees nie en vir versterking van hul geloof.
- Die bediening wat spesiaal op die skoolkinders wil fokus in 2020, bid dat die beplanning wat gedoen is tot uitvoering sal kom in alle aspekte van die jeugbediening.
- Die bediening van die naskoolse jongmense – bid vir die groepleiers en dat elke jongmens sal groei in haar/sy verhouding met die Here!
- Ons gemeente se uitdra van die evangelie aan hulle wat nog moet hoor of sien –bid veral vir die taakgroep olv Naas sodat die regte sake aandag sal kry.
- Bid asb. vir Koot en Engela van der Walt en Erasmus Venter –bid veral vir fondse sodat die bediening by Syferfontein en Klipdrift kan voortgaan. Bid vir broers en susters om ook hiermee te help.
- Die gawes bediening olv Huib van Hamburg – bid dat lidmate ywerig die vraelyste sal invul en so hul gawes sal ontdek en uitleef tot eer van die Here!
- 'n Biddende gemeente!!

Onthou asb: kom bid saam Sondag-oggende 09:00 in ELIM (kerksaal) of Woensdagaande soos aangedui op die kalender of stuur asb. gebedsversoeke na Elsie (072 449 1982).

MEELEWING

- Br Jan Bezuidenhout is Dinsdagaand na 'n hartaanval oorlede. Ons bid vir Belinda, Michelle en Steven (Groep 15 - 072 907 2133) die troos van die Here toe, asook ander familie in die gemeente. Die troosdiens was afgelope Vrydag. Na al die hartseer het Michelle Saterdag in die huwelik getree met Willem. Ons bid hulle 'n baie gelukkig huwelikslewe saam toe.
- Gep Floor (Groep 28 - 083 388 1250) is oorgeplaas na die versorgingseenheid van Huis Eikelaan, waar sy nou 'n

kamer met prof Bert deel en hulle daar saam versorg word.

- Jasper Venter (Groep 39 - 082 854 7229) het Sondag ‘n terugslag beleef met bloeding op die brein en ‘n noodoperasie is in Wilmed, Klerksdorp, suksesvol uitgevoer om die bloeding te dreineer. Hy sterk mooi aan en het teruggekeer na Pretoria om daar die kankerbehandeling voort te sit.

Ons bid dat die Here beterskap, herstel, bemoediging en troos sal gee.

ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Isak vd Walt, Bert en Gep Floor, Jacoba v Rooy, Magdaleen Venter, Koos en Marlene Jooste, Lana Labuschagne en Annette Coetsee.

ONDERSTEUNING VIR SIEKES

Vir ondersteuning of besoeke deur die hospitaalbesoeke-diensgroep, skakel hierdie week vir: siekes@oosdoppers.co.za of
Rina Seyffert (076 947 0677) en
Marthie Schoeman (082 920 7082)
Medikliniek = 09:00-13:00 en 15:00-20:00
Mooimed = 11:00-11:30 en 15:00-16:00
en 19:00-20:00
Potch Hospitaal = 15:00-16:00
en 19:00-20:00

ONS VERWELKOM

Tienie Bezuidenhout wat opgeneem word in die GKSA. Hy was voorheen in GK Mooirivier. Hy het afgetree en woon in Susannastraat 20, groep 31.

PROGRAM VAN DIE WEEK

Vandag
09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenddiens
Kleuterbediening
Tee en koffie in die Skuur
15:00 Katkisasie-afsluiting
Groepbediening
Geen Jong volwassenes-Bybelstudie
(afsluiting Sondag 17 Nov)
Ds Piet en Rieëtte is vandag uitstedig

Maandag
18:00 Kersmark

Dinsdag
06:00 Manne-Ondersteuningsgroep

Woensdag
09:30 Bybelstudie (afsluiting)
18:30 Gebed & Ondersteuning
19:00 Bybelstudie (afsluiting)

Donderdag
Geen ouderlinge-blokvergaderings - skriftelike terugvoer aan ds Piet

Vrydag
18:30 Bybelstudie: Klipdrif afsluiting

Volgende Sondag
Voorbereiding
Ouderlinge-vergadering

AFKONDIGINGS

- Liefdegawe vanoggend vir Barmhartigheid (Zapper betaal-metode beskikbaar)
- Gawe by die deure vanoggend vir die Emeritusfonds.
- Gawes volgende Sondag vir die Thusofonds.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit in die bussies by die deure.
- Diensbeurte: Groep 18 en 19.

KATKISASIE-AFSLUITING: VANDAG OM 15:00

Ons kategete hou weer ‘n baie lekker afsluitingsgeleentheid vir al ons katkisante vanmiddag. Ons nooi al ons kategete en kinders uit - ook die voorskoolse kleuterklassie - om **vanmiddag**

vanaf 15:00 lekker saam te kom kuier en die jaar se werk af te sluit. Ouers is ook baie welkom. Bring swembroek, handdoek en sonblok saam om die waterwurm te geniet!

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Sondag, 3 November
Br Frans du Preez 082 834 2120

Maandag, 4 November
Jbr Carlo Kloppers
Br Krause vd Walt 082 788 5910

Dinsdag, 5 November
Br Pieter Minaar 074 571 6950
Sr Rolene vd Walt 082 859 6209
Sr Naetta v Zyl 082 781 1167

Vrydag, 8 November
Sr Sonja Booyens 083 442 9844
Sr Renette de Klerk 073 800 0426

KLEUTERBEDIENING: AFSLUITING

Vrydag 15 November
Al ons voorskoolse maatjies en hulle ouers word hartlik uitgenooi na ons afsluiting op 15 November om 18:00 by die kerk. Bring jou tent, slaapsak en mamma of pappa saam. Terwyl hulle rustig kuier gaan ons lekker speel.

Sondag 16 November direk na kerk gaan ons koekies uitdeel by Ons Hulde. Ons ry 11:00 vanaf die kerk en behoort weer 12:30 terug te wees. Bring asb 'n pakkie koekies saam. Daar sal vervoer wees, dus kan pappa en mamma rustig Nagmaalete geniet terwyl ons die uitreik hou.

KERSMARK 2019

Liewe gemeente
Die Kersmarkkomitee is reeds baie besig om alles gereed te kry vir die aanbied van 2019 se Kersmark. Ons sit **reeds lyste** uit sodat almal 'n goeie geleentheid het om hulle name op te skryf en aan te dui waar hulle bereid is om te help. Ons het ons gemeente se ondersteuning baie nodig om van hierdie geleentheid 'n sukses te maak.
Kersmark-groete

BEJAARDES: AFSLUITINGSFUNKSIE

Ons nooi ons bejaarde lidmate om hul afsluitingsfunksie saam met ons te geniet by die Kersmark op **Dinsdag, 3 Desember** met 'n gratis ete by die Kersmark.
Die datum op ons jaarprogram verander dan van Woensdag, 13 November na Dinsdag, 3 Desember. Ons hoop om julle almal daar te sien!

KASSIERE-DIENSGROEP KYK NA NOOD BUITE DIE GEMEENTE

Die Kassiere-diensgroep bestaan uit die kassiere en voorsitters van die Kerkraad, Susters, Diakonie en die Bediening na Buite Diensgroep. Ons ontvang voortdurend by al hierdie strukture van die gemeente versoeke om finansiële hulp van buite-instansies. Dit is hierdie diensgroep se taak om al hierdie versoeke te koördineer.
Die diensgroep het vergader om al die aansoeke te oorweeg en te bepaal wie kan waar help. Daar is besluit om die volgende instansies te help. Ons dank die Here vir die gawes wat Hy ons gee sodat ons ook 'n hand van hulp na buite die gemeente kan verleen:

Diakonale Hulp:
GK Cachet: R 2 000-00
Noodtoestand onder boere in die Olifantshoek omgewing: R 5 000-00
Admin Buro Hulp aan Teologiese Studente: R 2 000-00
Jan Kriel instituut: R 1 000-00
Totaal: R 10 000-00

Hulp ander kerke en instansies – Kerkraad:
Feba Radio - evangelisasie: R 1 000-00
Geopende Deure - hulp aan vervolgde Christene: R 1 000-00
Woordkafee - evangelisasie: R 1 000-00
Totaal: R 3 000-00

Hulp ander instansies - Susters:
GK Cachet Bouprojek: R 3 000-00
GK Kemptonpark Mooifontein Bediening na Buite: R 3 000-00
Totaal: R 6 000-00

Totale hulpverlening na buite vir tweede semester van 2019 = R 19 000-00.

ALMANAK 2020

Lidmate wat die Almanak bestel het kan dit in die kerkkantoor af haal - R86 elk.

KENNISGEWINGBORD

- Gereformeerde Kerk Cachet: Eerstejaarskamp, 6-10 Jan 2020
- GK Bult Afskopkamp: 7-11 Jan 2020
- Dwarskersbos stranddienste
- Potchefstroomse mannekoor: Kers-sang 14 Nov om 19:00 NG Vyfhoek

ALGEMENE INLIGTING

LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

ZAPPER (Selfoon toepassing)
Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en **slegs bydraes vir Barmhartigheid** kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie

KONTAKBESONDERHEDE: PREDIKANT, HULPDIENS & KANTOOR

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Prof. Herrie v Rooy – 083 700 3933
Hanno van Schaik - 072 105 3961
Kerkkantoor: Adele 018 290 7690 / kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Kosterspaar: Johan 061 336 7255
Elsa 073 959 8051

SUSTERS IN DIE GELOOF

"Om-gee-wingsbewus"

Teeskinkgeleenthede

- *Baie dankie aan die groepsusters en hulle groepe se susters, broers en kinders wat met die skink en opwas help!*
- *Ons moedig susters en broers, selfs gesinne aan om met die skink en opwas te kom help – so leer ons mekaar en ons nuwe groepe beter ken!*

*Tee word **vandag** deur die volgende groeplede en hul groepsusters bedien: Annetjie Vermeulen en groep 3, groep 12, Corné Geyer en groep 22, asook Ina Jordaan en groep 32.*

***Volgende week** skink Lorette Bester en groep 4, Ria Robberts en groep 13, Chanelle van As en groep 24, asook Carina Smits en groep 33 se susters, tee. Baie dankie julle!*

Blikkies-warmharte

Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan. ***Baie dankie vir julle getroue bydraes!***

Sustersbydrae

Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry asook die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee

Potch-Oos Sustersafsluiting: Dinsdag 12 November

Liewe susters, Blok D nooi julle hartlik uit na ons Sustersafsluiting van hierdie jaar.

Kom luister na Lizette van Wyk wat ons gaan vertel om "meer as oorwinnaar" te leef!

Ons gaan rondom hierdie tema saam kuier. Elke dame bring 'n geskenkie van ongeveer R50 saam, wat ons onder mekaar gaan uitruil as 'n bederf. Skryf asb jou naam op die lys in die voorportaal sodat ons getalle het om die ete te kan voorberei.

Sluiting van bespreking: Woensdag 6 November

Belangrike datums vir die maand

DATUM	DAG	TYD	WIE	WAT
3 Nov	**Sondag**	**15:00**	**Groepsusters**	**Katkisasie-afsluiting**
12-Nov	Dinsdag	18:30	Blok D	Potch-Oos Sustersafsluiting
17-Nov	Sondag	12:00	Blok A	Nagmaalete
29 Nov – 7 Des	Vry - Sat	07:00 tot 20:00	Almal	Mooirivier Kersmark
3 Des	Dinsdag	10:00	Bestuur en groepsusters	Bejaardelidmate: afsluiting

Baie dankie aan ons borg van die week!

Sanet Ras Prokureurs

OPSTEL VAN TESTAMENTE.

BEREDDERING VAN BOEDELS.

ALLE EIENDOMSTRANSAKSIES.

Van Riebeeckstraat 101, Potchefstroom
Tel: (018) 294-8953 k/u

OOSDOPPERTJIES

LOOF HOM!

Jesaja 43: 21 "Dit is die volk wat Ek vir My geskep het, en wat my lof sal verkondig."



God gee so baie dinge vir jou; ALLES. Hy het hierdie aarde vir jou geskep om op te bly en die son om jou warm te maak. Hy het die nag met pragtige sterre gevul. Hy het oseane, berge, riviere en blomme gemaak. Hy het skoenlappers en babahondjies, -katjies en ponies gemaak. Hy het vir jou 'n gesin gemaak om vir jou lief te wees en vir jou om te gee. Hy het vir jou vriende gegee om jou lewe met vreugde te vul.

Dink aan nog dinge wat jy by hierdie lysie kan skryf. Wat doen jy noudat jy weet van al die dinge wat God vir jou gegee het? Jy moet God loof vir al die dinge. Vertel vir almal van sy goedheid en liefde. Loof Hom!

GEDAGTE VIR DIE WEEK!